Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien
# LYNNIES BEELD
ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD
www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 1 – 11 April 2025

## OUERLEIDING




### Die invloed van maats op my kind

*"The glory of friendship is not the outstretched hand, not the kindly smile, nor the joy of companionship; it is the spiritual inspiration that comes to one when you discover that someone else believes in you and is willing to trust you with a friendship."*
***-Ralph Waldo Emerson***

Dit is belangrik vir jou kind om maats te maak. Maats is 'n groot deel van jou kind se sosiale ontwikkeling en kan nie weerhou word nie. Die grootste gedeelte van sosialisering geskied gewoonlik by die skool waar hy met ander kinders in kontak tree. Indien jy bekommerd is oor die invloed wat jou kind se maats op hom het, is dit belangrik om jou kind te leer dat hy nog steeds 'n individu is en nie noodwendig met alles hoef saam te stem wat hulle doen of sê nie. Dit is belangrik om jou kind van kleins af te leer om goeie keuses te maak, ook wat betref die keuse van maats. In die lewe gaan jou kind talle uitdagings ervaar en om jou kind se sosiale vaardighede te help ontwikkel sal hom help in die hantering van hierdie uitdagings.

Wanneer jou kind met maats begin sosialiseer, leer hulle gewoonlik talle nuwe gedragsvorme aan (waarvan almal nie noodwendig goed is nie). Leer en lei jou kind dat hyself tot die besef kom dat sekere maats net nie goed is vir hom nie – as om te sê – dat hy nie met 'n sekere maat mag speel nie. Dit het gewoonlik 'n rimpel effek op die dinamiek binne die vriendskapskring en lei dikwels tot vereensaming van die kind.

Dit is egter belangrik dat hulle die geleentheid moet kry om maats te maak en dit moet aangemoedig word. Alle kinders het een belangrike ding in gemeen – speel. Spel is die universele taal van kinders. Hulle verstaan en leer by mekaar deur te speel. Hoe meer jou kind speel, hoe beter is dit vir sy totale ontwikkeling.

Skep "*playdate*" geleenthede waar jy as ouer ook waarneem hoe jou eie kind met ander kinders speel. Dis baie moeilik vir 'n ouer om te glo dat hul kind negatiewe sosiale vaardighede by die skool openbaar, omdat dit tuis nie die geval is nie. Jou kind gaan nie noodwendig doen wat jy sê nie, maar hulle gaan doen wat jy doen**.** Toepaslike sosiale gedrag moet dus eerstens by die huis getoon word en ouers moet besef dat hoe hulle met mekaar praat, hulle kind se sosiale ontwikkeling kan beïnvloed. Luister na jou kind as hy praat van sy maats en doen moeite om jou kind se beste maats se ouers te ontmoet. Moedig jou kind aan om deel te wees van 'n spansport of 'n kulturele buitemuurse aktiwiteit wat in groepsverband plaasvind. Dis dikwels hierdie gedeelde belangstelling waar hegte vriendskappe ontwikkel.

## LYNNIES NASKOOL VAKANSIEPROGRAM



Vir baie ouers was daar geen blaaskans tydens die afgelope vakansie nie. Lynnies Naskool het weereens gesorg dat baie herinneringe gemaak- en kosbare vriendskappe gevorm is tydens die Lynnies diere karnaval vakansieprogram. Daar is dieresport, paaseier skattejag gehou en daar is selfs die geleentheid geskep om op ponies en donkies te ry. “Old MacDonald” het met sy plaasdiere kom kuier en die Lynnie-werf is in ‘n plaaswerf omskep.
Dit was inderdaad ‘n vakansie wat ons lank sal onthou.










**Altyd pret by Lynnies Naskool vakansieprogram**

## DAGBESTUUR

**Meneer Steve-Sokkiedag**
Meneer Stolk en die Dagbestuur het wenke aan die Lynnies gegee hoe om hulle emosies te help beheer.




**Die Dagbestuur groet ‘n kosbare lid,**
**Ruben Redelinghuys.**
**Hulle verhuis na Australië.**
**Alle voorspoed.**



## SPORT

## KULTUUR

### SWEM

Caleb Muller het 21 tot 24 Maart aan die Suid-Afrikaanse *Regional Championships, Northern Provinces* deelgeneem.

Hy behaal 'n eerste plek in 50m vryslag, 100m vryslag, 200m vryslag, 200m individual medley en 100m borsslag.
Hy wen ook 'n silwer medalje in 50m borsslag.

Baie geluk met hierdie puik prestasies!




### GIMNASTIEK

Ons spog graag met Hailey Burger in graad 5. Sy het 2 brons madaljes behaal in die Nasionale gimnastiek kompetisie vir die "*high performance*" klasse, waar sy Gauteng verteenwoordig het.



### REDENAARS

**Die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

- **Kansvatters**

**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/

**Individue:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 5 Mei 2025

**Spanne:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 23 Mei 2025

- **OppieTongAf**

**Skakel: https://oppietongaf.co.za/**

**Individue:**
Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025

**Spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywing: 27 Junie 2025 (skool skryf leerders in, meer inigting op d6 beskikbaar)

- **Radikale Redenaars**

**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**

**Individue en spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywings**:** 9 Mei 2025

**Redenaargedagte vir die week:**
***"Elke keuse wat ons al ooit gemaak het, vorm die persoon wat ons vandag is. As môre aanbreek, maak wyse keuses".* –** Willie Herath



## Wat gebeur volgende . . .






## PERSONEELVERJAARSDAE

**APRIL**

12 Annelle Cooper (o/w)
16 Melissa Kotze (o/w)
17 Edwin de Waal (intersenfase ass)
20 Izer Sikhota (naskool)
24 Tanya Steyn (pre-prim)
25 Thamson Rapanyane (hekkontrole ass)
+ Zané Wiltz (o/w ass)
26 Chantelle Mattheus (pre-prim ass)
27 Doré Jordaan (naskool)
29 Jean van Loggerenberg (o/w)
30 Amanda J van Rensburg (naskool)
+ Chanelda Stolk (pre-prim)

## GHOLF- EN ROLBALDAG




**Gholfdag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472338202550
**Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header




**Rolbaldag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472090371552
**Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9bIIlqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header

# HOËRSKOLE OPEDAE












## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

**<u>Kwartaal 2</u>:**
VAKANSIEDAE:-

Vrydag, 18 April: Goeie Vrydag (Publieke vakansiedag)

Maandag, 21 April: Familiedag (Publieke vakansiedag)

Maandag, 28 April: Vryheidsdag (Publieke vakansiedag)

Dinsdag, 29 April (Skoolvakansiedag)

Woensdag, 30 April (Skoolvakansiedag)

Donderdag, 1 Mei: Werkersdag (Publieke vakansiedag)

Vrydag, 2 Mei:( Skoolvakansiedag)

SKOOL SLUIT:- Vrydag, 27 Junie

**Kwartaal 3:** **22 Julie tot 3 Oktober**

**Kwartaal 4:** **13 Oktober tot 10 Desember**

## LYNNIES BIDGROEP





**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**




DIADORA
AQUATICS
EST.1997
ADULT LESSONS:
— COSTS —
Payable in advance
CATEGORY 1 &2: R1500 (7 LESSONS)
No admin fees applicable!
— CATEGORY 1—
ALL ADULTS
1. Learn-to-Swim
2. Stroke Correction
3. Prepare for your first Midmar Mile
— CATEGORY 2—
CABIN CREW STUDENTS, AUPAIRS, GARDENERS, DOMESTIC WORKERS, NANNIES
1. Basic Freestyle
2. Water treading (3 min)
3. 5m underwater swim
4. Object retrieval, 1.8m depth
5. Stradle jump
6. Basic Survival stroke and lifesaving techniques
OPTIONAL EXTRA:
NSRI, SANBS APPROVED
TORPEDO BUOY VALUED @ R600
kariendiadora@gmail.com
roeleneuysl@gmail.com
Karien, 083-305-7746 or Coach Roelene, 067-378-5228
DIADORA
AQUATICS
RED TORPEDO BUOY
National Sea Rescue Institute of South Africa
NATIONAL SEA RESCUE INSTITUTE


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za 0861 44 74 74


COMPENSATION FUND ASSISTANCE
Getting the job done
LETTER OF GOOD STANDING
Expires 30 April 2025
CONTACT NEDINE ERASMUS
012 004 0579 admin@cfassist.co.za
www.compensationfundassistance.co.za


Karate Gr. R – 7
Kontak Ian: 074 146 2175
Eerste klas gratis
Hoekom karate?
Voordele
Selfverdediging
Anti-Boelie
Selfvertroue
Liggaam kondisionering
IKO KYOKUSHINKAIKAN
EST 1981
PRETORIA
75 Totius Straat, Groenkloof, Pretoria Rugby Club